

**26 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-25**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:25**

### **Christus ons Herder bind ons in 'n eenheid saam**

'n Trop skape wat deur iemand aangejaag word of wat deur 'n skaapwagter opgepas word, bly in een trop bymekaar. Daar is iemand wat hulle bymekaar hou. Wanneer een of meer uit die trop wegdwaal, dan bring die skaapwagter hulle terug na die trop toe. As daar niemand is wat die skape bymekaar hou nie, gaan die trop in alle rigtings uiteen.

Petrus gebruik ook hierdie beeld. Hy skryf in hierdie gedeelte oor verskillende verhoudings: dié tussen 'n eienaar en sy slaaf en dié tussen 'n man en sy vrou. In vers 25 maak hy 'n uitspraak waarin hy die verhouding tussen gelowiges in die algemeen beskryf. Hy sê: Vroeër was julle net soos skape sonder 'n herder. Elkeen het sy eie koers gegaan. Daar was niemand wat julle saamgebind het en bymekaar gehou het nie. Julle het niks in gemeen gehad nie.

Maar nou - sê hy - het daar 'n verandering in julle lewe gekom. Julle het 'n Herder ontvang wat julle in een trop bymekaar gemaak het en julle ook bymekaar hou. Hy het julle aan Hom en ook aan mekaar verbind. Die Here Jesus het as die Goeie Herder gekom en sy lewe afgelê om vir Hom 'n kudde bymekaar te maak uit alle volke, nasies en tale.

Alle gelowiges het iets in gemeen. Ons is deel van een kudde en ons volg een en dieselfde Herder. En hoe hegter en intiemer ons band met ons Herder is, hoe hegter en intiemer sal ons band met mekaar ook wees.

*Ds C Kruger (Nelspruit)*